*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Registered at the Post Office as a Newspaper* *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

**Price 20c Prys**

**Overseas 30c Oorsee**

**POST FREE—POSVRY**

ISBN 0 621 00884 2

VOL. 94.] CAPE TOWN, 18TH APRIL, 1973. KAAPSTAD, 18 APRIL 1973. [No. 3860.

## DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.

No. 643. 18th April, 1973.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 31 of 1973: Marketing Amendment Act, 1973.

## DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.

No. 643. 18 April 1973.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 31 van 1973: Wysigingswet op Bemarking, 1973.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



# ACT

**To amend the Marketing Act, 1968, in order to provide for the establishment and powers of an Agricultural Reference Board; to provide that a scheme may prescribe the procedure to be followed in connection with the nomination or election of members of a control board; to define further the advisory functions of certain committees; to empower any control board to enter into an agreement with a person with whom such board intends to co-operate in doing any act which such board may perform, providing for the establishment of a committee to perform such act on behalf of such board and such person and for a special account into which certain moneys are to be paid and from which payments in connection with the performance of such act may be made; to provide for the recovery from a control board of certain allowances; to define further a control board's power to advertise products under certain circumstances; to provide for the consideration of applications for registration and certain permits under the said Act only during certain months of a calendar year; to empower a control board to prescribe certain conditions of certain agreements for the purchase and sale of fruit and vegetables intended for processing, and to render such agreements subject to the control board's approval; to provide for an inspection mark or marks and the application thereof to inspected products; to extend the matters for which the proceeds of a levy on an unregulated product may be utilized; to provide that conditions imposed by a control board in connection with the importation or exportation of a regulated product shall be set out in certain permits for such importation or exportation; and to provide for incidental matters.**

(*Afrikaans text signed by the State President.*)
(*Assented to 11th April,* 1973.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 59 of 1968, as amended by section 1 of Act 52 of 1969, section 1 of Act 69 of 1970, section 1 of Act 78 of 1971 and section 1 of Act 68 of 1972.

**1.** Section 1 of the Marketing Act, 1968 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the insertion in subsection (1) after the definition of "product" of the following definition:

"'reference board' means the Agricultural Reference Board referred to in section 7A;".

Substitution of heading to Part 1 of Act 59 of 1968.

**2.** The following heading is hereby substituted for the heading to Part 1 of the principal Act:

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



# WET

**Tot wysiging van die Bemarkingswet, 1968, ten einde voorsiening te maak vir die instelling en bevoegdhede van 'n Landbouverwysingsraad; om te bepaal dat 'n skema die prosedure kan voorskryf wat in verband met die nominasie of verkiesing van lede van 'n beheerraad gevolg moet word; om die adviserende funksies van sekere komitees nader te omskryf; om 'n beheerraad te magtig om met iemand met wie daardie raad wil meedoen aan 'n handeling wat dié raad kan verrig, 'n ooreenkoms aan te gaan wat voorsiening maak vir die instelling van 'n komitee om bedoelde handeling namens daardie raad en so iemand te verrig en vir 'n spesiale rekening waarin sekere gelde gestort moet word en waaruit betalings in verband met die verrigting van bedoelde handeling gedoen kan word; om voorsiening te maak vir die verhaal van sekere toelaes op 'n beheerraad; om 'n beheerraad se bevoegdheid om produkte in sekere omstandighede te adverteer, nader te omskryf; om voorsiening te maak vir die oorweging van aansoeke om registrasie en sekere permitte kragtens die genoemde Wet slegs gedurende sekere maande van 'n kalenderjaar; om 'n beheerraad te magtig om sekere voorwaardes van sekere ooreenkomste vir die koop en verkoop van vrugte en groente vir verwerking bestem, voor te skryf, en om sodanige ooreenkomste aan die goedkeuring van die beheerraad onderworpe te stel; om voorsiening te maak vir 'n inspeksiemerk of -merke en die aanbring daarvan op geïnspekteerde produkte; om die aangeleenthede waarvoor die opbrengs van 'n heffing op 'n onbeheerde produk aangewend kan word, uit te brei; om te bepaal dat voorwaardes deur 'n beheerraad opgelê in verband met die invoer of uitvoer van 'n beheerde produk uiteengesit moet word in sekere permitte vir sodanige invoer of uitvoer; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.**

(*Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 11 *April* 1973.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 59 van 1968, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 52 van 1969, artikel 1 van Wet 69 van 1970, artikel 1 van Wet 78 van 1971 en artikel 1 van Wet 68 van 1972.

**1.** Artikel 1 van die Bemarkingswet, 1968 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur in subartikel (1) na die omskrywing van „verwerking" die volgende omskrywing in te voeg:

„,verwysingsraad' die Landbouverwysingsraad in artikel 7A vermeld.".

Vervanging van opskrif by Deel 1 van Wet 59 van 1968.

**2.** Die opskrif by Deel 1 van die Hoofwet word hierby deur die volgende opskrif vervang:

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



"PART 1.

THE NATIONAL MARKETING COUNCIL, THE CONSUMERS' ADVISORY COMMITTEE AND THE AGRICULTURAL REFERENCE BOARD.".

Insertion of sections 7A, 7B and 7C in Act 59 of 1968.

**3.** The following sections are hereby inserted in the principal Act after section 7:

"The Agricultural Reference Board.

**7A.** (1) There is hereby established a board to be known as the Agricultural Reference Board, which shall consist of a chairman and two other members who shall be appointed by the Minister: Provided that the Minister may from time to time appoint not more than two additional members to the said board for a particular purpose on the ground of their special knowledge of the matter for the purpose of which they are appointed.

(2) (*a*) A member of the reference board who is not a person in the full-time service of the State or has not been appointed for a particular purpose, shall be appointed for such period not exceeding two years as the Minister may determine at the time of the appointment of the member concerned.

(*b*) A member of the reference board who is a person in the full-time service of the State shall hold office during the Minister's pleasure.

(*c*) A member of the reference board appointed for a particular purpose shall hold office until the matter for the purpose of which he was appointed has been disposed of by the reference board.

(3) A member of the reference board whose period of office has expired, shall be eligible for re-appointment.

(4) A member of the reference board who is not a person in the full-time service of the State, shall be paid, out of moneys appropriated by Parliament for that purpose, such allowances as the Minister may determine.

(5) Whenever the Minister is satisfied that a member of the reference board is prevented by illness or absence or any other cause from performing the duties of his office, the Minister may appoint any other person whom he considers suitable to act as deputy of that member while he is so prevented, and such deputy shall, during the period he so acts, perform the duties of the member in whose stead he has been appointed so to act: Provided that whenever the chairman is prevented as aforesaid, the Minister may, if he deems it expedient, designate any other member to perform the duties of the chairman during his absence or inability, in which case any person who is appointed as deputy of the chairman shall perform the ordinary duties of the member so designated.

Meetings of reference board.

**7B.** (1) The meetings of the reference board shall be held at such times and places as the Minister may from time to time determine.

(2) The chairman of the reference board, or the member for the time being charged with the performance of the duties of the chairman, and two other members of the reference board shall constitute a quorum for any meeting of that board.

(3) A decision of the majority of the members present at a meeting of the reference board shall be the decision of the reference board and, in the event of an equality of votes, the chairman, or the member

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



„DEEL 1.

DIE NASIONALE BEMARKINGSRAAD, DIE ADVISERENDE VERBRUIKERSKOMITEE EN DIE LANDBOUVERWYSINGSRAAD.".

Invoeging van artikels 7A, 7B en 7C in Wet 59 van 1968.

**3.** Die volgende artikels word hierby in die Hoofwet na artikel 7 ingevoeg:

„Die Landbouverwysingsraad.

**7A.** (1) Hierby word 'n raad ingestel wat die Landbouverwysingsraad heet, bestaande uit 'n voorsitter en twee ander lede wat deur die Minister aangestel word: Met dien verstande dat die Minister van tyd tot tyd hoogstens twee addisionele lede vir 'n bepaalde doel in die gemelde raad kan aanstel op grond van hul besondere kennis van die aangeleentheid vir die doel waarvan hulle aangestel word.

(2) (*a*) 'n Lid van die verwysingsraad wat nie 'n persoon in die voltydse diens van die Staat is of vir 'n bepaalde doel aangestel is nie, word aangestel vir die tydperk van hoogstens twee jaar wat die Minister ten tyde van die aanstelling van die betrokke lid bepaal.

(*b*) 'n Lid van die verwysingsraad wat 'n persoon in die voltydse diens van die Staat is, beklee sy amp solank dit die Minister behaag.

(*c*) 'n Lid van die verwysingsraad wat vir 'n bepaalde doel aangestel is, beklee sy amp totdat die aangeleentheid vir die doel waarvan hy aangestel is, deur die verwysingsraad afgehandel is.

(3) 'n Lid van die verwysingsraad wie se ampstermyn verstryk het, kan weer aangestel word.

(4) 'n Lid van die verwysingsraad wat nie 'n persoon in die voltydse diens van die Staat is nie, word uit gelde deur die Parlement vir dié doel bewillig die toelaes betaal wat die Minister bepaal.

(5) Wanneer die Minister oortuig is dat 'n lid van die verwysingsraad deur siekte of afwesigheid of om 'n ander rede verhinder word om sy ampspligte uit te voer, kan die Minister iemand anders wat hy geskik ag, aanstel om as plaasvervanger van daardie lid op te tree solank hy aldus verhinder word, en so 'n plaasvervanger moet gedurende die tydperk wat hy aldus optree, die pligte van die lid uitvoer in wie se plek hy aangestel is om aldus op te tree: Met dien verstande dat wanneer die voorsitter verhinder word soos voormeld, die Minister, indien hy dit dienstig ag, 'n ander lid kan aanwys om die pligte van die voorsitter gedurende sy afwesigheid of onvermoë uit te voer, in welke geval iemand wat as plaasvervanger van die voorsitter aangestel word, die gewone pligte van die lid wat aldus aangewys is, uitvoer.

Vergaderings van verwysingsraad.

**7B.** (1) Die vergaderings van die verwysingsraad word gehou op die tye en plekke wat die Minister van tyd tot tyd bepaal.

(2) Die voorsitter van die verwysingsraad, of die lid wat asdan met die uitvoering van die voorsitter se pligte belas is, en twee ander lede van die verwysingsraad maak 'n kworum vir 'n vergadering van dié raad uit.

(3) 'n Beslissing van die meerderheid van die lede wat op 'n vergadering van die verwysingsraad aanwesig is, is die besluit van die verwysingsraad, en by 'n staking van stemme het die voorsitter, of die

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



for the time being charged with the performance of the duties of the chairman, shall have a casting vote in addition to his deliberative vote.

Powers of reference board.

7C. (1) The reference board shall have power to decide, in the stead and on behalf of a control board, upon any matter referred to the reference board by such control board under subsection (2), and shall for that purpose have such incidental powers as are vested in the control board concerned in relation to that matter.

(2) Where any members of a control board have recused themselves from participation in the proceedings of the control board in connection with a matter upon which the control board is in terms of its scheme or this Act or a proclamation issued under section 87 or a regulation made under section 89 required to take a decision, on the ground of having any interest in such matter, and the remaining members are too few in number to constitute a quorum for a meeting of the control board, the control board may, and, if so directed by the Minister, shall refer the matter in question to the reference board for decision by it under subsection (1).

(3) A decision taken by the reference board under subsection (1) shall, for the purpose of the relevant scheme or this Act or any proclamation issued under section 87 or any regulation made under section 89, be deemed to be a decision of the control board concerned.

(4) Any reference in this section—

(*a*) to a control board shall be construed as including a reference to the Dairy Industry Control Board established under section 2 of the Dairy Industry Control Ordinance, 1962 (Ordinance No. 29 of 1962), of the territory, and the Meat Trade Control Board established under section 2 of the Meat Trade Control Ordinance, 1962 (Ordinance No. 20 of 1962), of the territory; and

(*b*) to any scheme or this Act or any proclamation issued under section 87 or any regulation made under section 89 shall be construed as including a reference to an Ordinance mentioned in paragraph (*a*) or any regulation made thereunder, as the circumstances may require.".

Amendment of section 28 of Act 59 of 1968, as amended by section 9 of Act 52 of 1969 and section 2 of Act 68 of 1972.

**4.** Section 28 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) A scheme shall, subject to the provisions of subsections (2), (3) and (4), provide for the appointment to its control board of not more than one officer either in the Department of Agricultural Economics and Marketing or in the Department of Agricultural Technical Services, and of members to represent persons who produce the product to which the scheme relates, and such classes of persons dealing in the course of trade with, or of consumers of, or of persons having any other interest whether directly or indirectly in such product, as the Minister may after consultation with the marketing council determine, and may in respect of any one or more of or all such members—

(*a*) provide that the member or members concerned shall be nominated or elected for appointment to the control board in accordance with a procedure prescribed in

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



lid wat asdan met die uitvoering van die voorsitter se pligte belas is, benewens sy beraadslagende stem ook 'n beslissende stem.

Bevoegdhede van verwysingsraad.

7C. (1) Die verwysingsraad is bevoeg om in die plek van en namens 'n beheerraad oor 'n aangeleentheid te besluit wat ingevolge subartikel (2) deur dié beheerraad na die verwysingsraad verwys is, en het vir dié doel die bykomstige bevoegdhede wat die betrokke beheerraad met betrekking tot daardie aangeleentheid het.

(2) Waar lede van 'n beheerraad hulle van deelname aan die verrigtinge van die beheerraad in verband met 'n aangeleentheid waaroor die beheerraad ingevolge sy skema of hierdie Wet of 'n kragtens artikel 87 uitgevaardigde proklamasie of 'n kragtens artikel 89 uitgevaardigde regulasie 'n besluit moet neem, onttrek het op grond daarvan dat hulle 'n belang by daardie aangeleentheid het, en die oorblywende lede in getal te min is om 'n kworum vir 'n vergadering van die beheerraad uit te maak, kan die beheerraad, en moet hy indien die Minister hom daartoe gelas, die betrokke aangeleentheid na die verwysingsraad verwys vir beslissing deur hom kragtens subartikel (1).

(3) 'n Besluit deur die verwysingsraad kragtens subartikel (1) geneem, word by die toepassing van die betrokke skema of hierdie Wet of 'n kragtens artikel 87 uitgevaardigde proklamasie of 'n kragtens artikel 89 uitgevaardigde regulasie geag 'n besluit van die betrokke beheerraad te wees.

(4) 'n Verwysing in hierdie artikel—

(*a*) na 'n beheerraad word uitgelê as 'n verwysing ook na die Raad van Beheer oor die Suiwelnywerheid ingestel by artikel 2 van die Ordonnansie op die Beheer op die Suiwelnywerheid, 1962 (Ordonnansie No. 29 van 1962), van die gebied, en die Vleishandelbeheerraad ingestel by artikel 2 van die Vleishandelbeheerordonnansie, 1962 (Ordonnansie No. 20 van 1962), van die gebied;

(*b*) na 'n skema of hierdie Wet of 'n kragtens artikel 87 uitgevaardigde proklamasie of 'n kragtens artikel 89 uitgevaardigde regulasie word uitgelê as 'n verwysing ook na 'n in paragraaf (*a*) genoemde Ordonnansie of 'n daarkragtens uitgevaardigde regulasie, na gelang van die omstandighede.".

Wysiging van artikel 28 van Wet 59 van 1968, soos gewysig deur artikel 9 van Wet 52 van 1969 en artikel 2 van Wet 68 van 1972.

**4.** Artikel 28 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) 'n Skema moet, behoudens die bepalings van subartikels (2), (3) en (4), voorsiening maak vir die aanstelling in sy beheerraad van hoogstens een beampte van òf die Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking òf die Departement van Landbou-tegniese Dienste, en van lede om persone te verteenwoordig wat die produk produseer waarop die skema betrekking het asook dié klasse persone wat met daardie produk as 'n besigheid handel, of dié klasse verbruikers daarvan of dié klasse persone wat 'n ander belang, hetsy regstreeks of onregstreeks, by die produk het, wat die Minister na oorlegpleging met die bemarkingsraad bepaal, en kan ten opsigte van een of meer van of al sodanige lede—

(*a*) bepaal dat die betrokke lid of lede vir aanstelling in die beheerraad genomineer of verkies moet word volgens 'n prosedure in die skema voorgeskryf, of gekies moet

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



the scheme, or shall be selected from among persons whose names are to be submitted for that purpose in accordance with a procedure so prescribed;

(*b*) prescribe the person or persons who or organization or organizations which may so nominate the member or members concerned, or who or which may so submit the names of persons;

(*c*) prescribe the class or classes of persons who may so elect the member or members concerned.".

Amendment of section 29 of Act 59 of 1968.

**5.** Section 29 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) (*a*) A scheme may provide for the establishment of one or more committees for the purpose of advising the control board concerned in regard to any matter relating to the administration of the scheme or any of its provisions in general or in a part of the area in which the scheme or a provision thereof applies or in respect of any product or products to which the scheme relates.

(*b*) Any such committee shall be constituted in such manner as may be specified in the scheme or determined by the control board concerned with the approval of the Minister.

(*c*) The control board concerned may assign to any such committee, on such conditions as the Minister may approve, such of the powers of that control board under the scheme as it may determine with the approval of the Minister.".

Substitution of section 38 of Act 59 of 1968.

**6.** The following section is hereby substituted for section 38 of the principal Act:

"Co-operation by a control board with any person or another board.

**38.** (1) A scheme may empower its control board to co-operate, with the approval of the Minister, with any person in doing any act which the board may perform, and to do on behalf of any other board established under any law for or in respect of any agricultural or related industry, any act which such other board may perform.

(2) A control board may enter into a written agreement with any person with whom that board intends to co-operate under subsection (1) in doing any act which the board in question may perform, providing—

(*a*) for the establishment of a committee consisting of representatives of that board and representatives of such person, to perform the said act on behalf of that board and such person, in such manner and subject to such conditions as may be set out in the agreement;

(*b*) for the establishment of a special account which shall be administered and controlled by the control board concerned or by it in co-operation with such committee, in such manner

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



word uit die geledere van persone wie se name vir dié doel volgens 'n aldus voorgeskrewe prosedure voorgelê word;

(*b*) die persoon of persone of organisasie of organisasies voorskryf deur wie die betrokke lid of lede aldus genomineer kan word of deur wie die name van persone aldus voorgelê kan word;

(*c*) die klas of klasse persone voorskryf deur wie die betrokke lid of lede aldus verkies kan word.".

Wysiging van artikel 29 van Wet 59 van 1968.

**5.** Artikel 29 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) (*a*) 'n Skema kan voorsiening maak vir die instelling van een of meer komitees ten einde die betrokke beheerraad te adviseer aangaande enige aangeleentheid betreffende die uitvoering van die skema of 'n bepaling daarvan in die algemeen of in 'n gedeelte van die gebied waarin die skema of 'n bepaling daarvan van toepassing is of ten opsigte van 'n produk of produkte waarop die skema betrekking het.

(*b*) So 'n komitee word saamgestel op die wyse in die skema aangegee of deur die betrokke beheerraad met die goedkeuring van die Minister bepaal.

(*c*) Die betrokke beheerraad kan aan so 'n komitee, op die voorwaardes wat die Minister goedkeur, sodanige van daardie beheerraad se bevoegdhede ingevolge die skema oordra as wat hy met die goedkeuring van die Minister bepaal.".

Vervanging van artikel 38 van Wet 59 van 1968.

**6.** Artikel 38 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Samewerking deur 'n beheerraad met enigiemand of 'n ander raad.

**38.** (1) 'n Skema kan sy beheerraad magtig om met die Minister se goedkeuring met enigeen mee te doen aan 'n handeling wat die raad kan verrig, en om namens 'n ander raad wat kragtens 'n wetsbepaling vir of ten opsigte van 'n landbou- of verwante bedryf ingestel is, alle handelings te verrig wat daardie ander raad kan verrig.

(2) 'n Beheerraad kan met iemand met wie daardie raad voornemens is om ingevolge subartikel (1) mee te doen aan 'n handeling wat die betrokke raad kan verrig, 'n skriftelike ooreenkoms aangaan wat voorsiening maak—

(*a*) vir die instelling van 'n komitee wat uit verteenwoordigers van daardie raad en verteenwoordigers van so iemand bestaan, om namens daardie raad en so iemand bedoelde handeling te verrig op die wyse en behoudens die voorwaardes in die ooreenkoms uiteengesit;

(*b*) vir die instelling van 'n spesiale rekening wat deur die betrokke beheerraad of deur hom in samewerking met sodanige komitee bestuur en beheer moet word, op die wyse en behoudens

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*





and subject to such conditions as may be set out in the agreement, and into which shall be paid all moneys specified in the agreement.

(3) The provisions of section 32 shall *mutatis mutandis* apply with reference to a decision taken on behalf of the control board concerned or under this section by a committee contemplated in subsection (2) of this section and in respect of which the Minister's approval is required under this Act.

(4) The moneys in a special account contemplated in subsection (2) may, with the approval of the Minister, be utilized for any purposes connected with the performance of the act referred to in subsection (1) which is the subject of the co-operation.

(5) A special account contemplated in subsection (2) shall be audited annually by the Controller and Auditor-General.

(6) The provisions of section 30 shall *mutatis mutandis* apply with reference to the members of a committee contemplated in subsection (2): Provided that, if a special account has been established as contemplated in that subsection, the allowances and insurance premiums payable to or in respect of such members may be paid from such special account.".

Substitution of section 48 of Act 59 of 1968.

**7.** The following section is hereby substituted for section 48 of the principal Act:

"Recovery of certain costs and allowances from a control board.

**48.** The Minister may recover—

(*a*) the costs incurred from time to time in respect of any action taken by the marketing council under section 4 (1) (*b*), (*d*), (*e*), (*g*) or (*j*) in respect of any scheme; and

(*b*) the allowances paid under section 7A (4) to members of the reference board in connection with the consideration of a matter referred to it by a control board,

or such portion of those costs or allowances as the Minister may determine, from the control board of the scheme in question or from the control board by whom the matter in question has been so referred to the reference board, as the case may be.".

Amendment of section 56 of Act 59 of 1968, as amended by section 7 of Act 68 of 1972.

**8.** Section 56 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph (*b*) of subsection (1) of the following paragraph:

"(*b*) to treat in such manner as it may deem fit, classify, grade, pack, store, process, adapt for sale, insure, transport and, subject to the provisions of section 37, advertise any product which it has bought;".

Amendment of section 57 of Act 59 of 1968, as amended by section 8 of Act 68 of 1972.

**9.** Section 57 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph (*a*) of subsection (1) of the following paragraph:

"(*a*) to conduct a pool for the sale of any product to which the scheme relates, and to treat in such manner as it may deem fit, classify, grade, pack, store, process, adapt for sale, insure, transport and, subject to the provisions of section 37, advertise any product in connection with which it conducts a pool;".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



die voorwaardes in die ooreenkoms uiteengesit, en waarin alle gelde in die ooreenkoms vermeld, gestort moet word.

(3) Die bepalings van artikel 32 is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot 'n besluit wat 'n in subartikel (2) van hierdie artikel beoogde komitee namens die betrokke beheerraad of kragtens hierdie artikel neem en ten opsigte waarvan die Minister se goedkeuring ingevolge hierdie Wet vereis word.

